Jy wil leer...
Ons wil help.





BEKOSTIGBARE LENINGS

Studielenings se rentekoerse is baie billik en dek die grootste gedeelte van studiekoste

EENMALIGE AANSOEK

Aansoeke word vir die volle studietermyn goedgekeur solank jy suksesvol studeer

LANGER TERUG-BETALINGSTERMYN

Tot dubbel die studietermyn om skuld terug te betaal (tot 'n maksimum van sewe jaar)

JY IS 'N INDIVIDU

Deurlopende betrokkenheid by studente en hul ouers omdat ons glo elke student se omstandighede is uniek

info@helpmekaarfonds.org
TEL | 021 930 8155
www.helpmekaarfonds.org

HELPMEKAAR STUDIEFONDS

AGTERGROND

Die Helpmekaar Studiefonds is 'n maatskappy sonder winsmotief wat bekostigbare studiehulp aan voornemende studente bied. Die instelling voorsien in die grootste gedeelte van die finansiële behoeftes vir naskoolse onderrig en verskaf sodoende gemoedsrus aan ouer en student vir die duur van hul kursus.

In 'n veranderende wêreld besef jongmense hoe belangrik opleiding is, veral met die oog op entrepreneurskap en werkskepping. Hier speel die Helpmekaar Studiefonds 'n enorme rol as een van die weinig instellings wat steeds in die finansiële behoeftes van Afrikaanssprekende studente voorsien, ongeag ras, geloof of geslag.

KEURINGSKRITERIA

Lenings is beskikbaar aan studente wat:

- in Wes-, Oos-, Noord- en Suid-Kaap en KwaZulu-Natal gematrikuleer het;
- voltyds by 'n instansie studeer wat by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid geakkrediteer is;
- aan die keuringsvereistes voldoen, o.a. akademiese prestasie en finansiële sekuriteit.

~ Aansoeke om lenings vir 'n eerste kwalifikasie geniet voorkeur.
~ Lenings word nie vir ekstra/herhaaljare toegeken nie en vir nagraadse studie slegs vir spesifieke beroepsgerigte kursusse.

HOE DOEN EK AANSOEK?

Besoek ons webtuiste om aansoek te doen of skakel die kantoor indien jy enige verdere vrae het. Aansoeke moet ons teen 30 September bereik.

Besoek gerus ons Facebookblad www.facebook.com/helpmekaarfonds